

## WWF VEREER KENNER OOR DROË GEBIEDE

Vanjaar se wenner van die wêreldnatuurlewe-fonds (WWF) Living Planet-prys is prof. Timm Hoffman van die Universiteit van Kaapstad (UK). Hoffman is 'n ekoloog, hoof van die eenheid vir plantbewaring by die UK en 'n trustee lid van die Leslie Hill Sukkulente Karootrust (LHST) wat die afgelope 25 jaar gehelp het om groot dele van die Karoo vir bewaringsdoeleindes te bekom.

Hoffman is veral bekend om sy navorsing in die Sukkulente Karoo, 'n halfwoestyngebied wat van die suide van Namibië tot in die Klein-Karoo strek. *Landbouweekblad*-lesers sal Hoffman beter ken as die wetenskaplike wat vastepunt- of herhaalfotografie gebruik om die veranderinge aan Suid-Afrikaanse ekosistels oor lang tye uit te lig.

In sy motivering tydens die aanlyn oorhandigingsgeleentheid het mnr. Vusi Khanyile, voorsitter van die WWF in Suid-Afrika, verduidelik hoedat Hoffman aan die spits was van die span wat in 1997 en 1998 die nasionale oorsig oor grondaftakeling, verwoestyning en langtermynveranderinge in die droë gebiede se plantegroei gedoen het.

“Hy het 'n noemenswaardige bydrae gelewer tot ons begrip van die voortgesette verandering in Suid-Afrikaanse landskappe as gevolg van klimaatsverandering en veranderinge in die manier waarop grond gebruik word.”

Khanyile het ook die wyse geloof waarop Hoffman daarna streef om sy navorsing uit te brei om meer relevant vir landelike bestaansmetodes te wees.

“Timm neem dikwels sy navorsing na inter-dissiplinêre ruimtes om die komplekse maniere

**BO:** Die Tankwa Karoo Nasionale Park is een van die bewaringsgebiede wat danksy die hulp van die Leslie Hill Sukkulente Karootrust en die WWF tot stand gebring is.

FOTO: AMELIA GENIS

**INLAS:** Prof. Timm Hoffman FOTO: VERSKAF

waarop landelike sosiale, kulturele en ekonomiese bestaansmetodes oorvleuel, te verstaan.”

Sy werk in Paulshoek, 'n dorpie in Namakwaland, het gehelp om 'n langtermynkontrakpos te skep, asook geleentheidswerk en opleiding vir die gemeenskap en finansiering vir ontwikkelingsprojekte daar te verseker.

Danksy Hoffman en die LHST is 'n projek in 2018 gefinansier om 90 kommunale boere in die Kamiesberg op te lei en te ondersteun om hul boerderymetodes te verbeter en sodoende groter veerkragtigheid teen klimaatsverandering te bou. Die LHST is gestig om plantspesies inheems aan die Karoo en veral die Knersvlakte, Namakwaland, die suidelike Richtersveld en die eilandberggebiede (*inselbergs*) van die Boesmanland, te bewaar en te herstel.

Die trust ondersteun die WWF om die gebied onder bewaring te vergroot deur sekere grond te bekom of ooreenkomste vir biodiversiteitsvoogdyskappe met grondeienaars te smee.

Hoffman het 'n groot rol gespeel in die verkryging van die sowat 290 000 ha wat formele bewaring in die Namakwa Nasionale Park, die Tankwa Karoo Nasionale Park, die Knersvlakte-natuurreservaat en verskeie strategiese voogdyskapinisiatiewe geniet.

– AMELIA GENIS

# Die 'groot 4 1/2' bedreig die Sukkulente Karoo

Die biodiversiteitsrykste woestyn in die wêreld word deur die 'groot 4 1/2', naamlik mynbou, klimaatsverandering, plantstropery, hernieubare energie-infrastruktuur en oorbeweiding, bedreig.

**B**lommekykers het in Augustus en September op Namakwaland, Nieuwoudtville en dele van die Weskus toegesak om een van die skouspelagtigste blomseisoene in jare te sien.

Ongelukkig neem baie besoekers aan die gebiede meer as net foto's en laat hulle onuitwisbare voetspore.

Die gebiede vorm deel van die Sukkulente Karoo-bloom, die mees biodiverse woestyn ter wêreld, wat ook onder druk van verskeie bedreigings verkeer.

Prof. Timm Hoffman, hoof van die eenheid vir plantbeskerming aan die Universiteit van Kaapstad, het op 'n geleentheid waartydens die wêreldnatuurlewefonds (WWF) se Living Planet-prys aan hom oorhandig is, gesê die stroop en smokkel van plante, mynbedrywighede, die oprigting van son- en windkragplase en die infrastruktuur wat daarmee gepaardgaan, plaas groot druk op die Sukkulente Karoo.

Die gebied, wat van die suide van Namibië tot die Klein Karoo strek (**KAART**), huisves meer as 6 000 plantspesies en is ook ryk aan soogdier-, reptiel- en insekspesies.

## KORTOM

- Die Sukkulente Karoo, die wêreld se mees biodiverse woestyn, word ernstig bedreig deur mynbedrywighede, klimaatsverandering, stroping en infrastruktuur vir hernieubare energie.
- Skaars 8% van die gebied word formeel bewaar, dog die bewaring van meer as 600 000 ha word as een van die grootste bewaringsprestasies beskou.
- Die bewaring van die gebied is aangehelp deur die verklaring van die gebied as 'n biodiversiteitsbrandpunt.

## 'DIE GROOT 4 1/2'

Hoffman beskou plantsmokkelary, mynbedrywighede, infrastruktuur vir hernieubare energie, klimaatsverandering en oorbeweiding as die "groot 4 1/2" bedreigings vir die biodiversiteit van die Sukkulente Karoo.

Plantsmokkelary neem hand oor hand toe, maar die suksesvolle vervolging en strawwe wat plantsmokkelaars opgelê word, is darem ook besig om toe te neem.

"Die mynbedryf is 'n noemenswaardige bedreiging vir omgewings in die Sukkulente Karoo. Mense en hul masjiene kan in 'n paar jaar 'n hele berg verwyder, soos ons op die Gamsberg (by Aggeneys in die Noord-Kaap) gesien het. Mynbedrywighede het reeds duisende hektare langs die Weskus verwoes."

Eweneens bedreig die oprigting van windplase en sonpanele en die paaie- en kraglyne wat daarmee gepaardgaan, die Karoo.

"Dit lyk of die kraglyne net op die regte hoogte is om party groot voëls, soos die wildepoue wat die Karoo deurkruis, te onthoof."

Nog 'n bedreiging wat nie gering geskat moet word nie, is klimaatsverandering.

Hoffman sê die Karoo is in die kloue van die ergste droogte in menseheugenis en daar word verwag dat die bedreiging van klimaatsverandering net gaan toeneem.

Oorbeweiding deur vee is ook 'n bedreiging, maar Hoffman sê dié bedreiging is betreklik klein vergeleke met die ander vier.

**LINKS BO:** Die "groot 4 1/2" van bedreigings vir die Sukkulente Karoo sluit klimaatsverandering en warmer en droër weer in.  
FOTO'S: AMELIA GENIS

**HEEL LINKS:** Een van vele sukkulentspesies wat aan die bloom sy naam gee. Meer as 600 000 ha van die Sukkulente Karoo word reeds formeel beskerm. Die foto is in die kusgedeelte van die Namakwa Nasionale Park geneem.

**LINKS:** Namakwaland het vanjaar een van die beste blomseisoene in jare gehad.



## OPTIMISME

Al kan die probleme mense pessimisties stem, meen Hoffman daar is hoop en rede vir optimisme. “Die groter wordende klimaatkrisis en die uitwerking van die koronaviruspandemie dwing ons om te besef dat ons nie soos voorheen kan aangaan nie.”

Daar is heelwat inisiatiewe aan die gang om die wêreld se afhanklikheid van fossielbrandstowwe te verlaag en die grootskaalse vernietiging van natuurlike habitate te keer en die uitroei van natuurlewe te voorkom.

Hy meen die beste oplossings en voorstelle kom uit ’n referaat deur dr. Peter Lindsey van die instituut vir soogdiernavorsing aan die Universiteit van Pretoria en sy kollegas wat Julie vanjaar in die vaktydskrif *Nature Ecology & Evolution* verskyn het.

Daarin stel hulle voor dat die waarde van natuurlike bates en ekosistels bepaal moet word om die waarde van bewaring en die belangrikheid van ’n gesonde omgewing te herbevestig. “In die tweede plek moet beskermde gebiede meer word as blote gebiede wat vir bewaring opsygesit is. Dit moet in sentrums vir plaaslike ontwikkeling omskep word waaraan omliggende gemeenskappe as samewerkende vennote kan deelneem.”

Die derde voorstel is dat gemeenskappe wat rondom beskermde gebiede bly, behoorlik betrek moet word as belanghebbendes in bewaring. “Hulle moet inspraak hê in die bestuur van die beskermde gebiede en daardeur bevoordeel word.”

Laastens moet die agendas van bewaring en menslike ontwikkeling nader aan mekaar gebring word, terwyl bewaringskundiges ’n groter rol speel in wat buite die beskermde gebiede gebeur.

Hoffman sê as beskermde gebiede nie behoorlik in die lewens en bestaan van omliggende gemeenskappe geïntegreer is nie, sal hulle nie lank oorleef nie. “Die boodskap is dat die aksies van bewaringskundiges buite beskermde gebiede net so belangrik is as dit wat in die beskermde gebiede plaasvind.”


## 8% REEDS BEWAAR

Meer as 661 000 ha, oftewel 8% van die Sukkulente Karoo-bioom, word reeds bewaar in verskillende soorte beskermde gebiede.

Die vlak van beskerming wat hulle geniet, sluit in die ikoniese Unesco-wêrelderfenisgebiede, soos die Richtersveld en die Kaapse blommeryk, die Gouritz-groep (*cluster*) biosfeerreservaat, nasionale parke, provinsiale en private natuurreservate en beskermde gebiede.

Hoffman sê die netwerk van beskermde gebiede in die Sukkulente Karoo is “een van die grootste suksesverhale van bewaring” in Suid-Afrika.

Bewaring in die Sukkulente Karoo het ’n hupstoot gekry met die konsep van biodiver-



**BO:** Mynbedrywighede is een van die grootste bedreigings vir die Sukkulente Karoo. Op die voorgrond is ’n mynrehabilitasieprojek aan die weskus van Namakwaland en op die agtergrond, gruis van ’n uitgewerkte myn.

**INLAS:** Prof. Timm Hoffman

**LINKS:** Die ligging en omvang van die Sukkulente Karoo.

KAART: TIMM HOFFMAN EN ANDER

siteitsbrandpunte wat dr. Norman Myers, ’n Britse akademikus en wetenskapsadviseur aan die Verenigde Nasies en Wêreldbank, in 1988 ontwikkel het.

Internasionale bewaringsorganisasies, soos Conservation International, het betrokke geraak om die brandpunte, soos die Sukkulente Karoo, te bewaar. “Die oogmerk van die program vir biodiversiteitsbrandpunte was dat minstens 60% van alle spesies bewaar kan word deur net op 1,4% van die aarde se grondoppervlakte te konsentreer.”

Hoffman sê die verklaring van die Sukkulente Karoo as ’n biodiversiteitsbrandpunt het belangstelling in die gebied “laat ontplof” wat bewaring en navorsing betref.

Met meer as 6 000 plantspesies en vele ander spesies word die Sukkulente Karoo beskou as die rykste woestyn ter wêreld. Dit het tot die vestiging van Skep (Sukkulente Karoo ekosistebelanningsprojek) met internasionale finansiering gelei.

“Skep was ’n buitengewone inisiatief wat tot vandag toe ’n uitwerking het. Meer as 60 wetenskaplike en 400 belanghebbendes van die regering, die akademie, nieregeringsorganisasies, private sektor en plaaslike gemeenskappe het aan die beplanningsproses deelgeneem.”

Die Skep-projek was daarop gemik om die verspreiding van biodiversiteit oor die gebied, en wat dit bedreig, te verstaan.

Daarna is vasgestel wat nodig was om die spesies en die ekologiese prosesse waarop die

spesies staatmaak, te bewaar.

Uiteindelik is bewaringsmikpunte gestel en planne beraam om die mikpunte te bereik. Die proses het daartoe gelei dat beskermde gebiede in die Sukkulente Karoo van amper niks in 1985 tot bykans 8% in 2019 toegeneem het. Navorsing wat in dieselfde tydperk gedoen is, het wetenskaplikes se kennis oor plantbevolkings en groepekologie uitgebrei.

Volgens Hoffman kan ’n mens kwalik oor bewaring in die Sukkulente Karoo praat sonder om die naam van mnr. Leslie Hill te noem. Hill, ’n sakeman, het in 1995 die Leslie Hill Sukkulente Karootrust gestig.

Die geld daarin moes gebruik word vir die “behoud, restourasie, bewaring en bevordering van inheemse plantspesies”, veral in die Knersvlakte, Namakwaland, die suidelike Richtersveld en die eilandberge (*inselbergs*) van die Boesmanland.

Tot dusver is net meer as 230 000 ha grond vir bewaring gekoop. Dit is ’n derde van bewaarde grond in die Sukkulente Karoo.

Die staat het twee derdes bygevoeg deur Sanparke, Kaapse Natuurbewaring of die Noord-Kaapse departement van omgewingsake en natuurbewaring (DENC) en private natuurreservate.

Nog 60 000 ha is onlangs bygevoeg deur ’n rentmeesterskapsprogram van die Wilderness-stigting Afrika, DENC en die WWF. **LBW**

**NAVRAE:** Prof. Timm Hoffman,  
e-pos: [tim.hoffman@uct.ac.za](mailto:tim.hoffman@uct.ac.za)